Laerskool Louis Leipoldt

Die skool waar jy saakmaak

SPORT

23 Februarie 2017

Geagte ouer/voog

Soos op die Inligtingsaande van Gr 1-7 aan u gemeld is, is die skool in die proses van oorskakeling na ons eie unieke sportsakke vir die skool. Alle ander sportsakke gaan geleidelik uitfasseer word. Indien u kind reeds ‘n sportsak het, kan hy/sy dit nog gebruik totdat u ‘n nuwe een moet aanskaf. Ons gaan hierdie kwartaal net rugby- en netbalsakke, “visors” en pette bestel. Bestellings gaan slegs een keer per kwartaal geskied. Die tipe sak/rugsak wat voortaan vir netbal en rugby gebruik gaan word, asook pet en “visor” kan by ontvangs besigtig word alvorens u bestel. U kan die onderstaande skeurstrokie voltooi indien u ‘n item wil bestel en voor by Elna Stander, by ontvangs, inhandig met die korrekte kontantbedrag of met bewys van betaling as u ‘n elektroniese betaling gemaak het. Gebruik asb u familiekode en “sportdrag” as verwysing. Meer as 1 kind in die gesin se bestelling moet asb op aparte bestelvorms ingevul word. Die laaste dag vir bestelling vir 2de kwartaal **is 1 Maart 2017**. Geen laat bestellings sal aanvaar word nie. Indien u wil hê dat u kind se **naam** op die sak geborduur moet word, moet u asb ‘n addisionele **R20,00** byvoeg en baie seker maak u kind se naam en van is in drukskrif en korrek gespel**. Kostes is as volg : rugsak /sportsak – R240,00, “visor” – R60,00 en pet – R75,00.** Hierdie brief met foto’s is op die web beskikbaar.

Vriendelike groete

A Jordaan
Adjunkhoof

PH Ferreira
Hoof

Hiermee bestel ek, _____ ouer van

_____ in Gr _____U, V, W, X, Y, Z ‘n sportsak / rugsak / “visor” / pet. Ek wil / wil nie/ my kind se naam op sak geborduur hê/ hê nie/. Aangeheg is die bedrag van R_____ / bewys van elektroniese betaling.

_____ _____

Ouerhandtekening Selnommer

H/v Langebrinkweg en Pretoriuslaan, Lyttelton • Posbus 14022, Lyttelton, 0140
Epos: Algemeen: admin@louisleipoldt.co.za, **Finansies:** finansies@louisleipoldt.co.za
Tel: 012 664 5798/9 • **Faks:** 012 664 2155 • **Webwerf:** www.louisleipoldt.co.za